# SUMMERWOOD



*Die Summerwood kamp het vanaf 6 tot 8 Januarie by Laerskool Summerwood plaasgevind.*


Ons eerste kamp het sommer net na nuwe jaar plaasgevind.  Weereens by die immer gewilde Summerwood skool terrein.  ‘n Volle 28 woonwaens waarvan 3 gaste was het die saamgetrek bygewoon.  Baie dankie aan tannie Linda wat altyd so behulpsaam is om ons te akkommodeer.

Vrydagaand het ek met boekevat die liedjie van Adam Tas, Hardekole gespeel.  Want elke dag is ‘n voorreg om te kan lewe en soveel te meer om elke maand te kan kamp.  Hoop elke SAWA lid besef hoe gelukkig ons is om so gereeld te kan kamp.  Dit maak ons “ryk” mense.

Saterdagmiddag het ons worsbroodjies verkoop vir bietjie fonds insameling.  Baie dankie vir al die “sponsors”.  Die bedrag van R 605.00 is ingesamel.  Glo almal het lekker gesmul aan die broodjies.

Saam met dit het ons lekker speletjies gespeel,  die jaar het ek dit goed gedink om nie groep speletjies te hê nie maar individuele speletjies,  baie dankie Jacques vir die maak van die speletjies,  al het 1 van ons karavaan tafels in die slag gebly.  Ek waardeer dit vreeslik baie.












Sondag het Jakkie vir ons kerkdiens gehou.

As gevolg van siekte in my familie moes ek vroeg sondag oggend huis toe,  daarom het ek nie die geleentheid gehad om almal te bedank vir jul hulp en bereidwilligheid nie. Weet dat elke bietjie hulp nie ongesiens verby gaan nie.

En ook elkeen wat so spontaan deelneem.  Om iets te reel is maklik maar die spontane deelname maak dit 'n sukses.

Baie dankie
Zeldri Strydom











## SUMMERWOOD PLAATJIES



**Morné & Ruth Basson** 20 Streek




**Eddie & Tania Deyzel** 150 Algemeen



**Tjaart & Nelia Snyman** 300 Algemeen




**Andre & Samantha Ankiewicz** 20 Streek



**Theo & Elize Engelbrecht** 10 Streek



**Martin Botha** 20 Streek



**Kenneth & Lizelle Bothma** 70 Streek